NG UNIVERSITAS-WES
GEMEENSKAPSENTRUM

ROOIKERK & STRIATA
GEROEP EN GESTUUR

VAKATURE : FINANSIëLE BEAMPTE

UNIVERSITAS-WES GEMEENSKAPSENTRUM

wat die Rooikerk- en Striatabedieningspunte insluit

*Indien jy oortuig is dat die Here deur die onderstaande inligting met jou praat, word jy genooi om met ons kontak te maak aangesien die gemeente vanaf **1 Oktober 2018** oor die vakature sal beskik.*

Die gemeente word gekenmerk deur 'n warm, gasvrye en informele bedieningstyl. Die kern van die bediening geskied deur een leraar, 'n pastorale hulp by die Striata Aftree-oord en 'n aantal Teologiese studente, tesame met 'n span toegeruste leiers.

Die gemeente is 'n waardegedrewe, missionale gemeente binne 'n breëre Bloemfonteingemeenskap met die uitdagings waartoe ons GEROEP, versamel, gevorm EN GESTUUR word deur die die Here…

Die Finansiële beampte is verantwoordelik vir die doeltreffende administrasie van die finansies van die gemeente. Die pos behels ook sekere administratiewe funksies namens die lidmate en Leiersraad en poog daardeur om fondse wat ingesamel word, suksesvol te administreer, ter uitbreiding van die Koninkryk van God.

Pligte sal insluit:

- Kontanthantering en die bank daarvan
- Kontrolering van alle inkomste en uitgawes volgens die begroting
- Verlofadministrasie
- Doeltreffende rekeningkundige administrasie van kerkkantoor
- Opstel van Agendas, Notules en verslae van die Finansiële Diensgroep

Inherente vereistes:

- 3 - 5 Jaar finansiële ondervinding
- Rekenaarvaardigheid, spesifiek ten opsigte van *MS Word/Excel*
- Vorige kassierservaring sal 'n aanbeveling wees
- Beskik oor uitstekende interpersoonlike vaardighede, entoesiasme en presiesheid ten opsigte van werksmetodes
- Moet georganiseerd, noukeurig, pligsgetrou, onafhanklik en met integriteit kan funksioneer

Werksure: Maandae tot Vrydae 08h00 tot 13h00, met kantoordiens elke tweede Sondag, direk na die Erediens.

Salaris: Onderhandelbaar na gelang van kwalifikasie en ondervinding.

Indien die Gees deur bogenoemde aan jou raak, stuur vir ons jou volledige CV, drie verwysings met kontakbesonderhede aan: **vakature@nguniversitaswes.org.za**

Vir meer inligting, kan jy met die volgende persone gesels:

a. Danie Strauss - Voorsitter Diensverhoudinge: 082 553 5971
b. Cobus van der Walt - Voorsitter Finansiële Diensgroep: 083 632 2422
c. Diana Pienaar - Lid Finansiële Diensgroep: 083 489 1067

Jy kan ook nog verdere inligting kry deur die webwerf te besoek by, **www.rooikerk.co.za**

Sluitingsdatum: Vrydag 17 Augustus 2018 om 12h00

Die Leiersraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling te maak vanuit die aansoeke wat ontvang is nie.